

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 145 21 September 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Tussen die binneband en die buiteband.

Deel van die siklus wat eie is aan die era waarin ons lewe, is die beplanning wat gedoen moet word. Verantwoordelike finansiële bestuur beteken dat elke gemeente 'n deeglike begroting moet opstel. Ons leef lank genoeg na die ontstaan van die kerk om nie soos die gelowiges in Jerusalem in diepe verknorsing te wees nie. Ons beplan ook nie 50 jaar vooruit nie, daar is net te veel veranderlikes wat in ag geneem moet word. Daar moet egter beplan word ten opsigte van aktiwiteite. Die opstel van 'n kalender word van uiterste belang geag. Dit gaan nie net oor die beplanning rondom eredienste en die kerklike jaar nie. Aktiwiteite soos fondsinsamelings, funksies en vergaderings moet deeglik beplan word om botsings met ander instansies (veral die skole) te vermy. Skoolkwartale, groot gebeurtenisse in die gemeenskap, die kerklike jaar, GHG aktiwiteite, verlof en vele ander faktore moet in ag geneem word. Dit is die realiteit van ons situasie. Sommige gemeenskappe word deur die gebrek aan veiligheid gedwing om vergaderings tot Sondae te beperk. Dit maak sommige Sondae se programme baie vol.

Aan die ander kant lees ons in Openbaring dat Christus van die eerste gemeentes verwyt dat hulle Hom nie liefhet soos aan die begin nie. Wat sê dit van ons? Ons is soveelste geslag Afrikaanse Christene. Ons praat 'n taal waarvan die eerste taal- en spelreëls 101 jaar gelede opgestel is. Die eerste Afrikaanse Bybel wat volgens hierdie reëls gedruk is, het 65 jaar gelede uitgekom. Het ons Hom nog so lief soos aan die begin? Wat is daardie begin? Ons kan allerhande goeie argumente voer oor ons beplanning en hoop.

Ten opsigte van beplanning moet ons onthou dat die belangrikste dag Sondag is. Dit is waarom Sondag die eerste dag op die kalender, en die eerste dag van die week is. Kerkrade en lidmate moet bereid wees om baie meer tyd op die Sondag by die kerk te spandeer. Inteendeel dit moet 'n ideaal wees om baie tyd by die kerk deur te bring. Hoekom winkels en huis toe jaag? Waaroor gaan al die beplanning? Dit gaan oor só besig wees dat ons die Here met vreugde tegemoet sal gaan met Sy wederkoms. Al ons beplanning word gedoen om te verseker dat ons volhoubare diens aan die Here gee, totdat Hy kom. Dit plaas ons in daardie druk-situasie waarna die opskrif verwys. Dit is verantwoordelik om te beplan. Dit sal groot vreugde bring wanneer

die Here kom. Ons moet so beplan dat ons kan volhard, maar nie so in ons beplanning vasgevang raak dat ons hoop die Here kom eers nadat ons planne uitgevoer is nie. Ons moet jare vooruit beplan, maar die wederkoms vandag nog verwag. Hoe doen ons dit? Deur ons hoop reg te identifiseer.

Wat doen hoop?

Hoop is deel van ons mondering om die werklikhede van die dag te hanteer. Ons koppel hoop met goeie rede aan beplanning of vooruitsigte. Die sielkunde leer ons dat die mens sonder hoop geen positiewe emosie kan ervaar nie. Indien daar niks is om na te streef nie, kan die mens alle hoop en vreugde verloor. Hoop en vreugde gaan hand aan hand.

Wat is ons hoop?

Ons hoop is op die Here gerig, is in die Here gevestig. Ons hoop op die wederkoms. Ons lees in Handeling 24:15-16 "*Ek het my hoop op God gestel, en net soos hulle verwag ek dat alle mense, goeies en slegtes, uit die dood sal opstaan.*"

Dit is die ongemaklike van gelowige beplanning. Ons moet verantwoordelik lewe en beplan. Ons beplanning se diepste motivering is egter nie in sukses hier en nou of daar en later gevestig nie. Ons word deur die hoop wat die ewige lewe gee, hier gedryf om te beplan en besig te wees. Mag dit nooit gebeur dat ons beplanning om eie onthalwe sal wees nie. Ons beplanning is daarop gerig om met toewyding en diens besig te wees wanneer Hy weer kom.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS BONDSVERGADERING

Die jaarlikse Bondsvergadering te Pietersburg is afgehandel. Ons opregte dank aan ds Thys Fourie en die gemeente vir die hartlike en opregte ontvangs. Die vergadering het suksesvol afgegaan.

Die Bondsdames se vergadering was ook suksesvol. Ons dank aan almal betrokke.

VOLKSHULP2000

Die algemene jaarvergadering van Volkshulp2000 sal DV plaasvind op 6 Oktober 2018 vanaf 10:00 te Oranjekas, Collinslaan 1241, Moregloed, Pretoria

Alle Geloofsbond-lidmate wat lede is van Volkshulp2000 word aangemoedig om dit by te woon.

Onthou om voor 14 September 2018 kennis te gee van u bywoning by Adri Benade (Tel 012 755-8201/2) of deur epos te stuur aan bestuur@volkshulp-2000.co.za

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

LEWENSBROD 2019-2020

Vir die afgelope ses jaar is dieselfde prys gehandhaaf. Ongelukkig het drukkoste so verhoog dat ons nie anders kan as om die prys aan te pas nie. Die veronderstelling is dat ons weer 1400 bestellings gaan kry. Gemeentes word aangemoedig om so wyd moontlik bestellings te werf. Ons versoek u ook vriendelik om kontant by bestelling te handhaaf. Prys **R120** per eksemplaar. Bestellings afgehandel teen **27 Oktober 2018**

DS PARKIN - OTTOSDAL

Ds. Johan Parkin van Ottosdal se vrou, Denise, is siek met kanker. Haar situasie het intussen vererger.

Ons meelewing gaan met die gesin in hierdie tyd.

DS WOLMARANS

Ds. Gawie Wolmarans is hierdie week met malaria in die hospitaal opgeneem. Ons beste wense tot herstel word hom toegebied.

WANNEER ONS DAN BID

Die artikels wat die "Onse Vader" verklaar (soos in Die Skietlood gepubliseer) is verwerk na 'n handige boek. Dit sal gelowiges begelei in hul gebedslewe en kan dien as handige instrument vir Bybelstudie. Vir meer besonderhede kontak Dr Otto johan.otto@geloofsbond.org.za

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak


Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by
Villa Stoney

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds
vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina
Steenkamp vir navrae en besprekings
0829082831 auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk



R 120 per eksemplaar. Bestellings by zyvetto@gmail.com of
johan.otto@geloofsbond.org.za

ERING
ORAI

(Volkshulp 2000 is 'n welsynsorganisasie wat in 1991 by die welsynsorganisasie geregistreer is. NO: 004-086 NWO)

NOMINASIEVORM: VOLKSHULP 2 000

Voltooi asseblief in drukskrif

VOORSTELLER/NOMINEERDER

